# Makwe Mission Quionga Mozambique – Gebedsbrief 2/2019

**Webblad:**[*www.gcx.org/Makwe_Mission*](http://www.gcx.org/Makwe_Mission)



---

Vriende ons het met ons reis noord begin op Saterdag 2 Maart.  Ons het nog 4 besoeke op pad en hoop om op die 12de Maart deur die grens te gaan.  Ons sal vir 'n dag of twee by Anzell stop en dan ons reis voortsit.

Ons het die laaste twee weke se besoeke aan die WesKus/Namakwaland/Hantam/Boesmanland-areas baie geniet.  Ons besef dit was nie vir almal baie gemaklik om ons in hierdie tyd te ontvang nie agv die feit dat dit parstyd is.  Baie dankie vir julle toegewings.  André het ook die voorreg gehad om sy hoërskool wiskunde onderwyseres in Clanwilliam op te soek.

Ons wil asseblief vra dat julle ernstig met ons sal saambid vir die situasie in die Cabo Delgado provinsie.  Die aanvalle het effens afgeneem gedurende middel van 2018, maar weer ernstig begin opvlam vanaf November maand.  Soos ons vir julle genoem het kan die mense nie nou hulle lande bewerk en plant nie agv die verbod wat die weermag geplaas het op mense wat buite die dorpies slaap.  Die verbod maak dat hulle nie nou hulle geplante area kan oppas en beskerm teen die diere wat gewoonlik hulle lande en oeste verwoes nie.  Ons stuur dus op 'n ernstige krisis af in die areas.  Daar is nie industrieë waar mense salarisse kan verdien om kos te koop nie.  Hulle is bestaansboere.

Bid ook vir ons reis-vrieskas.  Met ons aankoms in Prins Albert het ons gesien sy temperatuur het gestyg na ons vertrek uit Worcester.  Ons het alles uitgehaal en hom net so laat loop.  Sy temperatuur het net gestyg.  Indien die persoon wat Maandag na hom gaan kyk niks kan regkry nie, is die eerste agente in Kimberley.  Indien hy nie reggemaak kan word nie, sal ons 'n nuwe een moet koop.  Ons is reeds besig om op die internet te kyk vir spesiale aanbiedinge.















**Gebedsversoeke:**

- Vir veiligheid op die pad oor die baie kilometers wat ons moet aflê huis toe (voertuig is baie vol)
- Vir volgehoue ondersteuning
- Dat ons elke dag net sal fokus op God, Sy wil vir ons en die mense waar ons leef

- Dat ons Sy stem duidelik sal hoor
- Vir rustigheid en stabiliteit in ons area

**Danksegging:**

- Vir al die mense wat ons met soveel liefde ontvang het
- Vir die Vader wat sy hand elke dag oor ons hou
- Vir die mense van ons dorp en omgewing se veiligheid
- Vir die onderwyseres en helpers by die skool
- Vir ondersteuners wat vir ons bid
- Vir ondersteuners wat finansieel bydra tot ons bediening sowel as die geletterdheid projek

In Christus

**André& Anna-Marie Thiart, Quionga, Mozambique**
Epos: *thiartaa@gmail.com*
Facebook: Makwe Mission - https://web.facebook.com/MakweMission/
Webblad: *www.gcx.org/Makwe_Mission*

CelnrMoz*:* *+258 86 68 42 675*
*+258 84 228 9038*

Celnr SA: *+78 348 1914 + Whatsapp - André*
*+73 909 5288 +Whatsapp - Anna-Marie*

Ondersteuningsorganisasie: Mission 4X4.
Kontakpersoon: Hannes de Villiers (hannes@mission4x4.co.za) of addisioneel:-
Nick Olivier (serve@mission4x4.co.za)
Jaco van Vuuren (jaco@memoryinstitute.co.za)
Anthonie Welman (anthonie@elsabewelman.co.za)

Finansies: Elsabe Welman (emwelman@mweb.co.za)
Bank besonderhede: ThiartSendingpos, Absa Bank – 632005, 9068791513